PREEKNOTA

Datum: 31/12/2023

1. Waarvoor sien jy kans aan die einde van die jaar?

2. Hoe pak mens 'n nuwe jaar aan?

Deuteronomium 4:9 (NLV) 9"Maar pas op! Wees baie versigtig om nooit te vergeet wat julle gesien het wat die Here vir julle gedoen het nie. So lank as wat julle leef, moet julle hierdie dinge onthou. Maak seker dat julle dit vir julle kinders en kleinkinders oorvertel."

Jesaja 43:18-19 (NLV) 18"Vergeet al die dinge wat in die verlede gebeur het. Dis niks in vergelyking met wat Ek nou gaan doen nie. 19Ek gaan iets nuuts doen. Dit het alreeds begin gebeur! Sien julle dit nie? Ek maak 'n pad deur die woestyn vir my volk om huis toe te kom! Ek maak vir hulle riviere in die woestyn!"

3. Hoe kan jy waarborg dat jy in die nuwe jaar voorspoed sal ervaar?

Jeremia 29:11-14a (NLV) 11"Ek weet wat Ek vir julle beplan het," sê die Here. "Ek beplan voorspoed vir julle, nie teëspoed nie. Ek wil hê dat julle hoop vir die toekoms moet hê. 12Julle sal na My roep en bid, en Ek sal na julle luister. 13As julle heelhartig na My soek, sal julle My vind. 14Julle sal My toeganklik vind," sê die Here.

HOU = hoop / oorgawe / "U s'n"

a) Hoop

Johannes 6:3-9 (DB) 3Hulle het agter Jesus aan teen die berg op geloop, tot waar Hy met sy volgelinge gaan sit het. 4Die paasfees was naby. Dit was 'n belangrike fees vir die Jode. 5Jesus het na die groot klomp mense gekyk wat saam met Hom gekom het. Party was nog besig om teen die berg op te stap na Hom toe. Hy vra toe vir Filippus: "Is daar 'n winkel hier naby waar ons brood kan koop vir al hierdie mense?" 6Hy het dit vir Filippus gevra om te kyk wat Filippus sou sê. Hy het egter al klaar geweet hoe Hy die probleem sou oplos. 7"Al werk ek agt maande aanmekaar, sal ek nie eens genoeg geld hê om vir al hierdie mense iets te gee om te eet nie," sê Filippus. 8Andreas, die broer van Simon Petrus, wat ook 'n getroue volgeling van Jesus was, sê toe vir Hom: 9"Wel, hier is darem 'n kind met so 'n ietsie. Hy het vyf klein garsbroodjies en twee vissies. Maar ek moet sê, ek weet nie hoe dit ons eintlik gaan help nie."

b) Oorgawe

Johannes 6:10-13 (DB) 10Jesus sê toe: "Sê vir die mense om vir hulle 'n plek te kry om te sit." Daar was gras waar die mense hulle toe lekker tuis gemaak het. Net die mans alleen was omtrent 5 000. Daar was baie mense. 11Jesus het toe die garsbroodjies by die seuntjie gevat en vir God dankie gesê vir die kos. Hy het die broodjies toe onder die mense begin uitdeel. Hy het dieselfde met die vis gedoen. En die mense het geëet, soveel as wat hulle wou. 12Toe die mense genoeg gehad het om te eet, sê Jesus vir sy volgelinge: "Ek sien daar het heelwat kos oorgebly. Gaan maak dit bymekaar sodat niks gemors word nie." 13Die dissipels het dit gedoen en twaalf mandjies nodig gehad om die brood wat oorgebly het in te sit. Dit alles het met die vyf broodjies van die seuntjie begin.

c) "U s'n"

Matteus 10:39 (NLV) 39"As jy selfsugtig aan jou eie lewe vasklou, sal jy dit verloor. Maar as jy dit ter wille van My opoffer, sal jy werklik voluit lewe."

4. Wat kan jou daarvan weerhou om voorspoed in die nuwe jaar te ervaar?

1 Petrus 5:5-7 (NLV) 5En julle, jong manne, erken die gesag van die ouderlinge. Trouens, almal moet nederig in mekaar se diens staan, want: "God is téén dié wat te veel van hulleself dink, maar dié wat besef hoe afhanklik hulle van Hom is, aan húlle gee Hy sy genade." 6Word daarom klein onder die kragtige hand van God; op sý tyd sal Hy julle groot maak. 7Gee al julle bekommernisse aan God oor, want Hy gee vir julle om.

1 Petrus 5:6-7 (DB) 6Plaas julle hele lewe in die hand van God, in totale afhanklikheid van Hom. Wanneer die tyd daar is, sal Hy julle 'n ereplek by Hom gee. 7Neem al die dinge waaroor julle julle bekommer of wat julle omkrap na God toe, want Hy self is die Een wat vir julle sorg.

Sien jy kans vir die nuwe jaar?

Dienste word aanlyn uitgesaai op Facebook en YouTube
asook op **IFM 102.2** en via klankstroom op www.ifmradio.co.za / www.kg.org.za

KONTAKPERSONE:

Gemeentepredikant:
MARIUS MALAN - 082 804 0436
marius@kg.org.za

Gemeentebestuurder:
RIAAN PELSER - 082 775 7147
riaan@kg.org.za

Faktotum:
ANDRÉ VAN DER WALT - 073 960 9499
andre@kg.org.za

PREDIKANTE:

13 - 18 jaar:
KATIE REIMERS
016 004 0016 I katie@kg.org.za
FRANCO PIENAAR
074 885 2511 I franco@kg.org.za
19 - 29 jaar: TOMMIE ARPIN
082 342 6245 I tommie@kg.org.za
30 - 39 jaar: JONATHAN MÜLLER
064 658 6636 I jonathan@kg.org.za
40 - 49 jaar: EDOHAN BURGER
084 570 0669 I edohan@kg.org.za
50 - 59 jaar: NICO VAN AS
082 973 3895 I nico@kg.org.za
60 jaar en ouer:
016 004 0016 I navrae@kg.org.za

Hoek van **Ravel**- en **Abrahamstrate**
Mantevrede, Vanderbijlpark
016 004 0016 / navrae@kg.org.za

KONTANTLOSE BYDRAES

BANKBESONDERHEDE:
Kompas Gemeente
Eerste Nasionale Bank
Rekeningnommer: 62609813846
Takkode: 250 655